

## Gereformeerde Kerk Bellville – 19 Februarie 2017 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 91:1, 8 (p. 460)

- 1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,  
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.  
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;  
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.
- 8 "Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;  
Ek lei hom na die hoogtes waar / 'n eerkrans hom berei is.  
Die menseleefyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,  
sodat hy blye<sup>o</sup>aanskouer word / van al my reddingsdade."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 95:1, 2 (p. 477)

- 1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –  
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet  
sy vriend'like<sup>o</sup>aangesig ontmoet / wat nuwe vreugde<sup>o</sup>in ons gewek het.
- 2 Bo al die gode<sup>o</sup>en godeprag / troon God as Koning; sy gesag  
is groot en ken geen grense<sup>o</sup>of lyne. / Die aard' se diepste binnekant  
is in die holte van sy hand; / die hoë berg daarbo is syne.

Gebed

Psalm 34:1, 2 (p. 166)

- 1 In weelde<sup>o</sup>en ongeluk, / altyd sal ek die HERE prys;  
altyd vir Hom my lof laat rys, / in voorspoed en in druk.  
Hom sal 'k die ere skenk, / tot roemtaal kragtig aangespoor.  
Sagmoediges, hul sal dit hoor / en aantree op my wenk.
- 2 Kom, maak die HERE groot! / Laat ons sy Naam 'n lofsang wy,  
aan Hom wat groot is en naby, / die helper in die nood.  
Ek het in my gebed / Die HEER gesoek en Hy het my  
in antwoord op my noodgeskrei, / uit al my vrees gered.

**Skriflesing:** Galasiërs 1:1-10; 5:1-12; Heidelbergse Kategismus, Sondag 11:30

**Kernvers:** Galasiërs 1:6-8; 5:2

**Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai. Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!**

(Galasiërs 1:6-8 AFR53)

**Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie.** (Galasiërs 5:2 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 30: Glo dié mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?**

*Antwoord: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser en Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem (a). Slegs een van twee dinge is immers moontlik: óf Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, óf dié wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is (b).*

*(a) 1 Kor 1:13, 30, 31; Gal 5:4. (b) Heb 12:2; Jes 9:6; Kol 1:19, 20; 2:10; 1 Joh 1:7.*

**Tema:** Jesus is geheel en al jou Verlosser of Hy is glad en geheel nie jou Verlosser nie

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, aan die einde van die vorige gesprek het die gelowige gesê dat 'n mens by niemand anders enige saligheid kan soek of vind nie behalwe by Jesus die Seun van God alleen. Met daardie woorde het die gelowige aan die vraagsteller dit duidelik gemaak dat Jesus in die Bybel as die enigste en volkome Verlosser aangedui word.

Dit is die woorde *enigste* en *volkome Verlosser* wat die vraagsteller toe aan die dink gesit het. Omdat hy in sy lewe al met heelwat mense te doen gekry het wat hulleself Christene noem, het hy ook al verskeie dinge agtergekom. En een van die dinge wat hy agtergekom het, is dat baie mense sê dat hulle in Jesus Christus glo, maar nie heeltemal soos hierdie gelowige gespreksgenoot dit nou gesê het nie.

Hy vertel onder andere van sy kennismaking met Rooms Katolieke mense. In hulle gesprekke oor die geloof het dit vir die vraagsteller duidelik geword dat die Rooms Katolieke mense 'n baie hoë agting vir Maria het. Hulle praat selfs van haar as 'n medeverlosser en hulle noem haar die koningin van die hemel. Om die waarheid te sê, gaan die vraagsteller voort, dit klink byna of 'n mens tot Maria eerder behoort te bid as tot Jesus, soos wat die Rooms Katolieke mense oor haar aangaan.

Dit wat die vraagsteller aan die gelowige vertel, is natuurlik die hartseer waarmee 'n mens as gelowige in hierdie wêreld te doen kry. Daar is mense wat met hulle monde sê dat hulle in Jesus glo as hulle Verlosser. Maar in die praktyk van hulle lewe kom 'n mens agter dat hulle nie regtig net op Jesus staat maak om hulle van hulle sondes te verlos nie. Hierdie houding van mense teenoor Jesus is nie iets wat maar in die onlangse geskiedenis eers begin het nie. Om die waarheid te sê, mense maak al so van die begin van die kerk se bestaan af, soos wat ons dit in die Nuwe Testament leer ken.

Kom ons kyk byvoorbeeld wat het in die kerke gebeur wat tydens Paulus se eerste sendingreis tot stand gekom het. Ons lees in die brief aan die Galasiërs van mense wat ook gesê het dat hulle in Jesus as Verlosser geglo het, maar in die praktyk het hulle iets heeltemal anders gedoen. Hulle praktyk het eerder gewys dat hulle nie vertrou dat Jesus werklik mense heeltemal van al hulle sondes kan verlos nie.

Op Paulus se eerste sendingreis het die Here die kerke deur middel van die prediking van Paulus in Galasië bymekaargebring. Dit was gedurende die jare 46 tot 48 nC. Gedurende 50 tot 52 nC was Paulus besig met die tweede sendingreis. En dit is in hierdie tyd dat Paulus die brief aan die Galasiërs geskryf het. Skaars twee jaar nadat die mense in Galasië Jesus Christus as hulle enigste en volmaakte Verlosser in die geloof omhels het, het die probleme begin wat die kern van God se genade vir hierdie mense aangetas het.

Paulus is so hewig ontsteld oor die verwickelinge in Galasië dat hy hierdie brief nie eers met die bekende danksegging teenoor God begin nie. Oor die dinge wat daar in Galasië aan die gang is, kan God nie gedank en geprys word nie. Die kerke in Galasië het baie gou van God wat hulle deur die genade van Christus geroep het, afvallig geword en 'n ander evangelie aangeneem. 'n Mens kan ook praat van geestelike muitery. Soldate muit

wanneer hulle hulle rug op hulle bevelvoerder draai om 'n ander bevelvoerder na te volg.

Eintlik het die mense in Galasië iets erger gedoen as geestelike muitery. Kyk net wat het die Heilige Gees hier laat skryf. Die woord wat ons met *ander* vertaal, beteken eintlik *andersoortig* of *vreemdsoortig*. Die Galasiërs het 'n vreemdsoortige evangelie aangeneem, want daar is immers net een evangelie – die evangelie van Jesus Christus.

Maar wat kan tog nou so verskriklik wees aan 'n vreemdsoortige evangelie dat Paulus so moes gal afgaan, dat hy selfs in die teenwoordigheid van die Here almal – ander mense, engele en homself – vervloek wat 'n vreemdsoortige evangelie verkondig? Solank Jesus Christus deel uitmaak van dit wat verkondig word, is daar mos nie 'n wesenlike fout nie. So redeneer baie mense vandag ook. Solank hulle in die praatjie net iets van die Naam van Jesus hoor, dink hulle dit is 'n Christelike boodskap.

Baie lidmate in die kerke van Galasië het ook so geredeneer. Maar geliefdes, dit is juis daar waar die gevaar van 'n dwaalleer skuil. Jesus Christus en sy verlossingswerk aan die kruis vir die sondaars is bykans altyd deel van enige dwaalleer. Maar luister tog mooi na wat gesê word: Jesus Christus is net deel van die vreemdsoortige evangelie. Christus en sy verlossingswerk is nie die hoofsaak in die dwaalleraars se verkondiging nie. Die ding wat hulle as hoofsaak verkondig, maak die evangelie vreemdsoortig sodat 'n mens nie meer van die evangelie van Jesus Christus kan praat nie. Hierdie sake wat die evangelie vreemd maak het die hart uit die evangelie gehaal, naamlik die genade wat God in Jesus Christus aan mense skenk. Dit is juis hierdie genade wat die evangelie van Jesus Christus werklik goeie nuus maak.

Paulus het Jesus Christus en sy verlossingswerk so duidelik aan die Galasiërs verkondig dat hulle Hom so te sê aan die kruis kon sien hang (Gal 3:1). Maar nadat Paulus vertrek het, het daar mense uit Jerusalem aangekom wat hierdie vreemdsoortige evangelie kom verkondig het. Hierdie Jode staan as algemeen as Judaïste bekend. Dit is Jode wat Jesus Christus ook as Verlosser aangeneem het, maar wat die ou seremoniële wette nie wou laat staan nie omdat hulle gedink het hulle Joodse identiteit is daarvan afhanklik. Die besnydenis was in besonder die een seremoniële wet waaraan hulle vasgeklou het asof hulle lewe daarvan afhang. Hierdie vasklouery aan die besnydenis het gemaak dat hulle Jesus stadig maar seker eenkant toe geskuif het, sodat Hy nie meer die Een is oor wie dit gaan nie. Sodoende het die evangelie vreemdsoortig en verdraaid geraak.

Volgens hulle verkondiging is dit belangrik dat 'n gelowige tog moet glo dat Jesus Christus vir sy of haar sondes aan die kruis gesterf het. Maar 'n mens kan tog nie verwag dat Jesus Christus alleen alles moet doen om 'n mens van sy sondes te verlos nie. Jy kan nie maar net agteroor sit en sê jy is klaar verlos met die bloed van Christus aan die kruis nie. Jy, as gelowige, het nog 'n verantwoordelikheid. Saam met Jesus Christus as Verlosser moet jy jou ook besny of laat besny, dan is jy eers heeltemal verlos. Hoor u, broers, susters en kinders, die woorde van hierdie dwaalleraars klink so baie soos die waarheid. Hulle verkondig nog Jesus Christus, maar ...

Dit is op hierdie *maar* wat die Heilige Gees ons aandag wil vestig. Diegene wat die besnydenis saam met Jesus Christus as evangelie verkondig en diegene wat hulle laat besny om Jesus Christus én die besnydenis te hê as versekering van hulle verlossing gee daarmee te kenne: Jesus Christus het nie die volle prys vir mense se lewens aan die kruis betaal nie. Sy werk is onvoltooi, daarom moet gelowiges dit self klaarmaak met die besnydenis.

Geliefdes, weet jy waarop kom hierdie praatjies van die Judaïste neer en almal wat soos hulle redeneer? Ek wil dit graag weer met die beeld van 'n brug verduidelik. Die sondeval en die sonde waarin 'n mens ontvang en gebore word, het 'n groot en diep kloof tussen die mens en God oopgeskeur. Al die mense is aan die duskant van die kloof omdat hulle na die duiwel geluister het. God is aan die ander kant van die kloof en daar is net geen manier dat 'n mens oor hierdie kloof terug na God toe kan gaan nie. Maar God is die barmhartige God. Hy weet mense kan nie self oor die kloof kom nie. Daarom stuur Hy sy Seun Jesus. Toe Jesus Christus sy lewe aan die kruis geoffer het vir die sondes van mense, het Hy inderwaarheid met sy liggaam en bloed die brug oor die kloof gebou. Nou kan hulle wat in Jesus Christus glo en in Hom vertrou, verlos wees van die sonde en algaande heiliger word deur die werk van die Heilige Gees om uiteindelik terug te kom by God die Vader.

Tot hier toe stem die Judaïste gedeeltelik saam. Jesus Christus het met sy liggaam en bloed die brug kom bou oor die kloof. Maar, sê hulle, die brug wat Jesus gebou het strek nie tot by die oorkantste rand van die kloof nie. Die brug hou 'n ent van die oorkant op. Die gelowige moet nou self daardie laaste sprong oor die diep kloof maak om verseker by God uit te kom. Die gelowige moet self die onvoltooide werk van Jesus met sy eie poging klaarmaak.

Die evangelie van Jesus Christus verkondig niks van halwe werk wat Jesus sou gedoen het nie. Hy is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom by God uit nie behalwe deur Hom. Die weg wat Hy met sy liggaam en bloed gemaak het, bring die verlore mens tot in die heiligdom van God in. Want geen mens en geen daad van 'n mens kan enigsins iets bydra tot jou eie verlossing nie. Sodra 'n mens met daardie gedagte begin speel, is jy besig om die genade van God in Jesus Christus uit jou lewe te verdring. Verlossing is verniet en dit is volkome. Hierdie gratis verlossing het God net in Jesus Christus gegee. Soos Johannes en Petrus aan die Joodse Raad ook gesê het:

**Hy [Jesus Christus] bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.** (Handelinge 4:12 AFR83)

As die verlossing nie meer verniet is nie, kan dit nie meer genade genoem word nie. As 'n mens nog iets moet doen by Jesus se werk aan die kruis, dan verdien jy jou verlossing en is die genade totaal daarmee heen. Genade is immers werk wat ons Drie-enige God alleen doen. Niemand help Hom om hierdie werk te doen nie. Slegs werk wat God alleen kan doen ter wille van die mens se saligheid, kan as genade gesien word. Wanneer die mens iets wil byvoeg, is dit nie meer genade nie.

Om die Galasiërs op die groot gevaar van hierdie vreemdsoortige evangelie te wys, stel Paulus dit dan onomwonde: Diegene wat hulle laat besny om sodoende hulle verlossing te verseker, het hulle losgemaak van Christus (Gal 5:4). Christus beteken dan vir daardie mens net mooi niks (Gal 5:2), want hy wil dan te kenne gee dat Jesus hom nie heeltemal verlos het nie.

Wat die Heilige Gees hier in Galasiërs aan ons deur Paulus se pen leer, leer Hy ook vir ons deur die onderrig in ons Kategismus. Nou moet ons in gedagte hou dat ons Kategismus ontstaan het toe die verskil tussen die evangelie van Jesus Christus en wat die Roomse Kerk daarmee gemaak het op die spits gedryf was. Daarom bely ons: **Dié mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, glo nie in Jesus die enigste Verlosser nie.** Inteendeel, **hulle verloën Hom met die daad.** Hulle verbreek hulle band met Christus en verbeur God se genade al sê hulle nog met die mond dat hulle in Jesus glo.

Hulle glo miskien nog in Jesus, maar vir hulle is Hy nie die enigste Verlosser nie. Daarom bid baie Roomse gelowiges dat die goeie werke van die heilige apostels en ander heilige mense aan hulle toegereken moet word. Hulle wil dat 'n ander sondaarmens God met hulle moet versoen. Maar nou weet ons al van Sondag 5 af dat nie onself nie en geen ander mens God met ons kan versoen nie. Niemand kan help om ons te verlos nie. By Jesus Christus alleen is ons saligheid te vinde en net **dié** mense **wat** Hom **met 'n ware geloof** as die enigste Verlosser **aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is.**

Broers, susters en kinders, die dwaling wat 'n vreemdsoortige evangelie wil verkondig het nie in die tyd van die Reformasie uitgesterf nie. Subtiel en op 'n agterbakse manier is die aartsvyande van die Here en die kerk besig om vandag steeds mense te verlei om Jesus as die enigste en volmaakte Verlosser te verloën. Vra maar vir baie gelowiges hoekom woon hulle erediens by, hoekom gee hulle dankoffers, hoekom bid hulle of hoekom lees hulle Bybel. En ek wil dit waag om te sê dat 'n kwart of meer sal antwoord: Om in die hemel te kom. Hulle doen al hierdie dinge om verlos te word. Dan kan ons nou maar vir hulle sê: Julle kan ophou om al hierdie dinge te doen, want niks wat julle doen, sal julle van julle sondes kan verlos nie. Maar julle moet ook oppas: Deur al hierdie mooi dinge met hierdie verkeerde motief te doen, soek julle nie julle volle verlossing by Jesus nie, maar is julle besig om Hom as julle Verlosser heeltemal te verwerp.

Geliefdes, laat ons daarom noukeurig let op wat ons sê en dink en hoe ons praat aangaande ons verlossing en ons Verlosser Jesus Christus. Die troos wat die Heilige Gees in ons hart met hierdie deel van ons Twaalf Artikels in ons harte wil werk, is dit: Jy hoef niks te doen vir jou verlossing nie, want Jesus, ons enigste Verlosser, het ons klaar van al ons sondes verlos. En wanneer die duiwel sy twyfel by jou kom saai deur jou aan een of ander sonde in jou verlede te herinner, moenie hom glo dat jy nou skielik iets moet doen sodat God daardie sonde jou moet vergewe nie. As jy in die Naam van Jesus Christus berouvol jou skuld bely het en God om vergifnis gesmeek het, is jy vergewe. God dink nie eers meer aan daardie sonde nie. Hou aan hierdie belofte van die Here vas.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 34:7, 8 (p. 168)

- 7 God wend sy aangesig / teen hul wat sy bevel weerstaan,  
Hy laat hul naam met hul vergaan / deur hoogste strafgerig;  
maar Hy sien gunstig neer / op die regverdige geslag;  
Hy neig sy ore tot hul klag / en red hul altyd weer.
- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke<sup>o</sup>is en verskeur.  
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.  
Hoe kom hul altyd weer, / die teespoede van wie hier  
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**